MUNISIPALE KENNISGEWING 98 VAN 2022

MUNISIPALITEIT DAWID KRUIPER

KENNISGEWING K27/2022

PUBLIEKE KENNISGEWING : INSPEKSIE VAN AANVULLENDE WAARDASIEROL EN INDIENING VAN BESWARE

KENNIS GESKIED ingevolge Artikel 49(1)(a)(i) van die Plaaslike Regering : Munisipale Eiendomsbelasting Wet, 2004 (Wet 6 van 2004), hierna verwys na die "*Wet*", dat die Aanvullende Waardasierol vir die finansiële boekjaar **1 Julie 2022 tot 30 Junie 2023** gedurende kantoorure **vanaf 20 Junie 2022 tot 25 Julie 2022**(Maandag tot Vrydag tussen 07:30 tot 16:30) by die Kantore van die Munisipaliteit Dawid Kruiper, Burgersentrum, Mutualstraat, Upington, ter insae lê.

Eienaars van eiendomme of enige ander persone word hiermee in terme van Artikel 49(1)(a)(ii) van die Wet, uitgenooi om besware, indien enige, by die Munisipale Bestuurder in te dien, teen enige aangeleentheid rakende die Aanvullende Waardasierol of wat weggelaat is uit die Aanvullende Waardasierol binne die voorgeskrewe tydperk.

U aandag word daarop gevestig dat, in terme van Artikel 50(2) van die Wet, enige besware moet ten opsigte van 'n spesifieke individuele eiendom wees en nie teen die Waardasierol as sulks nie. Die voorgeskrewe beswaarvorm is verkrygbaar by die Munisipaliteit se Eiendomsbelastingafdeling, Munisipale Kantore, Burgersentrum, Mutualstraat, Upington. Die voltooide vorm moet nie later as **25 Julie 2022** aan die onderstaande adres gestuur word nie:

Posadres	Fisiese Adres
Die Munisipale Bestuurder	Munisipale Bestuurder
Munisipaliteit Dawid Kruiper	Munisipaliteit /Dawid Kruiper
Privaatsak X6003	Mutualstraat
UPINGTON	UPINGTON
8800	8801

Vir enige navrae, kontak asseblief:

Carmen Basson by 054 3387089 of e-pos carmen.basson@dkm.gov.za

E NTOBA
MUNISIPALE BESTUURDER

Burgersentrum
Markstraat

Privaatsak X6003
UPINGTON
8800

GEMSBOK : 17 Junie en 24 Junie 2022
PROVINSIALE KOERANT :

PROMINENTE PLASING

4-11